# DIE DIENSKARAKTER VAN DIE PREDIKING

PROF. DR. J. I. DE WET

## 1. Inleidende opmerkings

1.1. In 'n reformatoriese kerk waar bely word dat geloof en kerk deur Woord- en sakramentsbediening gestig en in stand gehou word, behoort die prediking altyd besondere aandag te ontvang. Tog is die verbasende feit dat 'n mens in kerkwette en -ordes eintlik 'n blote minimum bepalings met betrekking tot prediking in die kerk vind. Die bepalings wat 'n mens wel vind, raak eintlik net die praktyk van die prediking. Meestal is daar selfs nie eens enige vorm van 'n definisie van die prediking nie.

Hierdie gebrek aan amptelike omskrywings of nadere bepalings van wat prediking eintlik is of behoort te wees, laat onwillekeurig die indruk, dat, wat die kerk altans betref, die prediking so 'n uitgemaakte en duidelike saak is, dat nadere bepaling vir kerklike doeleindes onnodig is. Vroeër kon dit wel die geval gewees het, maar vandag is die teenoorgestelde waar. Afgesien van wat in publikasies op die gebied van die prediking blyk, kom 'n verskeidenheid van voorstellings en basiese wanbegrip by die lidmate van die kerk voor. Dit is ontstellend en ter wille van die prediking en van die kerk is dit nodig dat die kerk self grondig moet ingaan op die hele saak van die prediking en op die noodsaak van die voorligting aan die lidmate in die verband.

1.2. Dit moet verder opgemerk word dat daar vandag twee maniere is waarop die prediking bestudeer word. Die een weg is om te gaan kyk na alles wat vandag as prediking in die wêreld aangebied word. Die grootste gemene deler van al hierdie predikingsmodelle kan dan as die wese van die prediking voorgehou word. Die ander manier is naamlik om deur middel van vrae en gesprekke te probeer vasstel wat die kerkgaande en nie-kerkgaande publiek van die prediking verwag. Op grond van hierdie gegewens word daar dan 'n ontwerp vir die prediking in ons eie tyd opgestel. Juis hierdie metode van ondersoek het al tot allerlei, soms selfs verstommende, proefnemings en bevindings aanleiding gegee.

Nie een van die genoemde ondersoekmetodes is egter aanvaarbaar nie. Die eenvoudige rede daarvoor is dat dié kerk wat in gehoorsaamheid aan die Skrif wil preek nie vanuit die verskynsels wat onder die naam prediking optree, nog vanuit die eise wat aan die prediking gestel word tot 'n ontwerp van verantwoordelike prediking vir ons eie dag kan kom nie. Daartoe kan die kerk alleen vanuit die Skrif kom. Dit beteken egter nie dat die verskynsels en

eise stom geïgnoreer kan word nie. Inteendeel: 'n Verantwoordelike kerk sal daarmee erns moet maak. Teenoor wat reg is, sal sondermeer moet toegegee en duidelik en verstaanbaar teenoor wat verkeerd is stelling moet ingeneem word.

In so 'n poging word die dienskarakter van die prediking toegelig aan die hand van die vyf bindinge waaraan die prediking homself nie strafloos kan onttrek nie.

## 2. Die binding aan Christus

2.1. **Bybels gesien** is die prediking menslike spreke aangaande die Woord van God in 'n gemeente. Dit moet Christus-prediking wees. Dit kan egter nooit reglynig verstaan word as spreke vanuit ons tyd-ruimtelike situasie hier- en nou aangaande 'n rustende, afgeslote werklikheid, wat dáár, dit is Palestina in die jare 1-30 n.C. of op die bladsye van die Bybel altyd voor hande is nie.[1]) Veeleer gaan dit om die paradoksale werklikheid . . . „dat hierdie verkondiging nie net 'n verkondiging van menslike idees en oortuigings nie, maar soos die eksistensie van Jesus Christus self, soos die getuienis van profete en apostels waarop dit gegrond is en waarvan dit leef, God se eie verkondiging is."[2])

Hiermee is die relatiwiteit en afhanklikheid van die prediking aangedui. Dit beteken dat die prediking, slegs prediking genoem kan word as dit tot Jesus Christus in die relasie van afhanklikheid staan. Die prediking moet juis in hierdie relasie van afhanklikheid tot Jesus Christus staan omdat die prediking sy hele bestaan dank aan die feit dat God sy heil in die wêreld wil laat voortgaan. En hierdie heil lê onvoorwaardelik en resloos in Jesus Christus, die Here, beslote. Die prediking wat so relatief tot en afhanklik van Jesus Christus prediking is, is 'n handeling van die Gees van God in die kerk, want Hy neem net wat aan Christus behoort om dit aan die mense te verkondiging.[3]) Eintlik is die prediking die wonder daarvan dat die menslike woord van die prediking werklik die prediking van die Woord word.[4]) In hierdie sin moet die kerk wat preek ook altyd self weer die prediking ontvang.[5])

2.2. **Prakties gesien** beteken dit dat dit nie die veelvuldige, (ydelike?) gebruik van die Naam van Jesus is wat prediking tot Christus-prediking maak nie. Prediking is slegs prediking wanneer dit saaklik korrek sê **wie** Jesus is, **wat** Hy vir die mense gedoen het en **hoe** Hy deur die mense gedien wil word. 'n Toespraak oor lug- en

---

[1]) Vergelyk K. Barth, Kirchlicke Dogmatik, 1,2S523v.v.
[2]) K. Barth, K.D.1,2 S.834 en vgl. Joh. 4:39-42.
[3]) Joh. 16:14 en 15.
[4]) Vgl. 1 Kor. 12:3.
[5]) Calvyn, Institusie, IV, 6, 1 en 2, 1.

waterbesoedeling, hoe nuttig opsigself ookal, kan daarom nie met die naam prediking gehonoreer word nie. En dit is nie die enigste voorbeeld nie. Die feit is: al het die prediking vir die politieke, kulturele, maatskaplike, ekonomiese bedrywighede implikasies, dan kan toesprake vanuit hierdie lewensterreine wel baie belangrik wees, maar tog nog nie preke genoem word nie.

Juis in hierdie opsig bestaan daar eindelose misverstande.

2.3. Die strekking hiervan kan so saamgevat word: prediking is slegs prediking as dit regte betuiging is van die persoon, woord, daad en diens van Jesus Christus. Só is die prediking **diens aan Christus** in die onherroepelike binding aan sy persoon.

### 3. Die binding aan die Skrif

3.1. Ook ten opsigte van die Skrif geld hierdie relatiwiteit en afhanklikheid van die prediking. Die prediking moet hier-en-nou iets na-sê wat in die Skrif reeds voorgesê is. Dit mag egter nooit beskou word asof die prediking 'n blote herhaling moet wees van die woorde van profete en apostels nie. Profete en apostels betuig die Christus van God as Heer en Verlosser.[6]) Die aard van die prediking word in hierdie verband deur sy taak bepaal. Dit moet hier-en-nou op grond van profete en apostels die ontmoeting tussen God en mens dien. Hierdie dienswerk is alleen moontlik indien en in soverre die prediking in die relasie van afhanklikheid teenoor die getuienis van die Skrif staan.[7])

3.2. Hier moet 'n afgrensing gemaak word teen die kerugmafundering van die prediking deur J. T. Bakker.[8]) Vir sover Bakker die samehang tussen Skrifgetuienis en prediking in gedagte het, kan hy gelyk gegee word. Dog dit gaan vir hom om die samehang van versoening en bediening van versoening, van heil en kerugma. Hierdie saamgaan lê hy dan so uit: „. . . dat in deze twee-eenheid van heil en kerugma de heilshistorische plaats en volmacht der prediking besloten lig." Dit sou waar wees as mens net die woord „volmacht" kan vervang met „opdrag".

Hierdie verskil in formulering is belangrik. Die heilsaankondiging wil wel voortgang hê. Tog is dit nie eie aan die openbaring dat dit masjinaal kan of wil voortgesit word nie. Hoe daar ookal oor volmag gedink word, die persoon en woord van Jesus uitgesonder, hou dit tog iets masjinaals in. Hierdie gedagte word verder versterk deur die feit dat Bakker nie 'n woord daaroor rep dat openbaring ook deur middel van die prediking, telkens 'n soewereine wilsbeslissing en

[6]) Vgl. Hand. 8:35, Joh. 5:39, 1 Kor. 15:3 en 4.
[7]) 2 Tim. 3:16-17.
[8]) Kerugma en Prediking, rede ter ampsaanvaarding, Kampen, 1957, blz. 16 en 17.

daad tot selfbekendmaking van God self is nie. Wanneer dit nie vermeld word dat by die voortgang van die Gods Woord in die wêreld die Heilige Gees die eintlike prediker is nie,[9]) dan het die woord volmag sonder twyfel die betekenis van 'n selfwerksaamheid van die prediking. Dan is prediking nie meer heilsmiddel in Gods hand nie, maar 'n selfstandige krag. Dan lê dit ook voor die hand dat die uiterlike ooreenkoms tussen die woord van die prediking en die Skrifwoord aangesien sal word vir die Gods Woord en só vir die werklike ontmoeting tussen God en mens. Dan is die relatiwiteit en afhanklikheid van die prediking vervang met die absoluutheid en direkte identiteit van die prediking met die openbaring van God. Maar dan word dit ook 'n wesenlike vraag of prediking werklik nodig is naas die Skriflesing. In die Skrif het ons immers die outentieke oog- en oorgetuienis van profete en apostels. As daar dan iewers n volmag opgesluit is in die saamgaan van die Boodskap en getuienis aangaande die Boodskap, sal dit seker in die Skrif lê. Op die wyse kom Skrif en prediking te sterk in die gedrang.

Die prediking as opdrag aan die kerk het sy sin en betekenis alleen daarin dat die Heilige Gees God in sy selfopenbaring is. Daarom kan ons met Calvyn beweer dat die Heilige Gees auctor praedicationis[10]) is. Dit beteken dat nog die prediking nog die prediker die Heilige Gees op so 'n manier besit dat sondermeer beweer kan word: „. . . wel geschiedt de Tegenwoordigheid van Christus waar en wanneer Hy gepredikt word, gister en heden Dezelfde en tot in Eeuwigheid."[11]) Die bewys dat die prediker en die prediking die Heilige Gees nie **so besit nie is geleë in die feit dat dieselfde preek nie** alle mense op dieselfde wyse tref nie.

3.3. Met enige fundering van die prediking moet erns gemaak word met die feit dat die Heilige Gees die prediking tot Woord maak. Wanneer dit gebeur kan die prediking nooit as 'n blote herhaling of oorvertel van wat in die Bybel geskryf staan, beskou word nie. Dit gaan immers in die prediking as instrument van die Gees om die ontmoeting met God in sy openbaring hier-en-nou.

Die dienskarakter van die prediking soos dit na vore gebring word deur die relatiwiteit en afhanklikheid van die prediking ten opsigte van die getuienis van die Skrif, kan die beste omskrywe word deur die prediking te tipeer as „kommentaar op" en „vertaling van" die Skrif.[12]) As ondersoek en navorsing na die werklike bedoeling van die Gees in die Skrif,[13]) is die prediking die kerklike verkondiging kommentarierend, vertaling in aksie. Hierdie kommentaar en vertaalwerk is moeilik, want dit moet in verskillende tye,

9) Joh. 16:14, 1 Kor. 12:3.
10) Institusie IV, 1, 6.
11) Bakker, a.w. blz. 29.
12) Barth, K. D., IV, 1 S694/5.
13) 1 Pet. 1:10-12.

op verskillende plekke en onder verskillende omstandighede gedoen word. Omdat die prediking nooit in 'n lugleegte plaasvind nie, maar altyd ad hominem moet wees, moet dit eenvoudig met tyd, plek en omstandigheid rekening hou. So word prediking as 'n mensewerk en mensewoord hier-en-nou verstaan, as 'n „Etappe auf einem Weg" wat deur 'n ander „relativiert und überboten werden kann."[14])

3.4. So gesien is Skrif en prediking altwee nodig. Só bestaan die diens wat die prediking aan die Skrif lewer daarin dat die prediking die „dooie letter" van die Skrif in 'n nuwe tyd, op 'n ander plek en onder vreemde omstandighede tot 'n lewende Woord laat word.

3.5. Prakties gestel: die prediking moet die Skrif **vandag** in ooreenstemming met sy eie bedoeling werklik tot spreke bring.

## 4. Die binding van die kerk

4.1. Hierdie binding is tweeledig van aard. Die eerste lid betref die belydenis want die kerk is immers Christusbelydende gemeenskap. Die tweede lid betref die opbou van die gemeente want die kerk voer ook 'n aardse bestaan en die gemeente is die plaaslike en normale verskyningsvorm van die kerk.

4.1.1. **Prediking en belydenis.** Dit spreek vanself dat die prediking van die Woord, die Woord tot inhoud moet hê. Ten opsigte van hierdie inhoud ontvang die prediking sy **grense** uit die leer (belydenis) van die kerk. Die prediking kan geen ander evangelie uitroep as dié waarvan die kerk lewe nie.[15]) Daarom trek die leer van die kerk die omtrekke waarbuite die prediking nie kan beweeg nie.

Die leer is ook die gids vir die prediking omdat die leer vanuit die baie Skrifwoorde die één Gods-Woord wil laat opklink. Die onmisbare betekenis van die feit dat die leer gids en grens vir die prediking verskaf, is die van die waarskuwing: die kerk is altyd in die wêreld en sy lidmate is altyd in die wêreld. Daarom staan die kerk altyd bloot aan die wesenlike gevaar van verminking en vervalsing van die Bybelse inhoud. Die feit dat die dogma die grense trek waarbuite verminking en vervalsing nie net moontlik is nie maar werklikheid word, is dus van onskatbare waarde vir die prediking. En omdat die Gods-Woord so in die Skrif gegee is dat daarna altyd weer gesoek en gevra moet word, daarom is die dogma in die soek na die Eén in die vele, onmisbaar as gids.[16]) Elke prediking

---

[14]) Barth, K. D., 1, 2 S 834.
[15]) Vgl. 1 Tim. 4:6-16 en 2 Tim. 2:1 en 2; 3:14 en 15.
[16]) Vgl. 2 Pet. 1:18-20 en C. Bigg, The Epistles of St. Peter and St. Jude, ICC, p. 269/70.

wat aweregs en onverskillig teenoor die kerklike dogma staan, moet homself afvra of hy nog is wat hy voorgee naamlik bediening van die heil in Christus.

4.1.2. Anders gestel: die leer van die kerk stel teties en antiteties dat Gods-Woord gehoor is en wat as Gods-Woord verneem is. Die prediking moet uitroep dat: „. . . Gods spreken geen zinloos geluid . . ." is.[17]) Dit wil sê: begrens en wegwys gemaak deur die leer wil die prediking dit wat as dogma geformuleer is in die verlede, in die hede tot lewende, aktuele belydenis van die Heer in en deur die kerk maak. Die prediking wil dat die kerk reg in die Heer glo en Hom daarom met woord en daad werklik bely. Waar geloof is, is aktuele belydenis.

Wanneer egter uit oorwegings van „praktiese christendom", „innerlikheid" en „biblisisme" die prediking uit sy materiële verbondenheid aan die leer van die kerk uitgelig word,[18]) dan is dit niks anders as 'n kerklike docetisme wat afgewys moet word nie.[19])

4.2. **Prediking en die opbou van die gemeente.**

4.2.1. Daar is reeds daarop gewys dat prediking 'n opdrag aan die kerk is. Hier gaan dit egter om 'n ander saak naamlik die feit dat die prediking 'n spesifiek binnegemeentelike en in die besonder 'n liturgiese gestalte van die verkondiging is. (Oor prediking en erediens word later verder gehandel.) Die saak waarom dit nou hier gaan, is in besonder die opbou van die gemeente. Die prediking is resloos op die opbou van die gemeente gerig soos dit oorduidelik in Ef. 4:13-16 beskryf word.

4.2.2. Hier moet 'n afgrensing teen n nie-denkbeeldige gevaar op die weg van die prediking gemaak word. Dit is wat Barth die „Kleinmut" genoem het.[20]) Hierdie gevaar raak die prediker en die hoorders van die prediking (gemeente). Die kleinmoedigheid bestaan daaruit dat sowel prediker as hoorder meen dat die predikers vanweë hulle menslikheid tog nie Gods-Woord kan spreek nie.

4.2.2.1. Hierdie kleinmoedigheid verlei die prediker daartoe om gesag aan sy prediking te wil gee deur sy **persoonlike wedergebore-syn of kind-Gods-syn.** Dit is die sogenaamde theologia regenitorum.[21]) Die prediking wil dan as persoonlike kreet van die wedergebore-kind-van-God-prediker gehoor vind. Of so 'n demonstrasie van die prediker se wedergeborenheid die gemeente tot

---

[17]) v. Uchelen, Het Heilig Onderricht der Kerk, blz. 17.
[18]) O. Weber, Grundlagen der Dogmatik, S21-25 en 12 voetnoot 2.
[19]) Barth, K. D., IV, 1 S 728.
[20]) Barth, K. D., 1, 2 S 834.
[21]) O. Weber, Grundlagen, S 211.

geloof sal bring, val sterk te betwyfel. Juis binne hierdie raamwerk vind 'n mens dan altyd die sogenaamde „preekmodelle" wat hoogs aanvegbaar op Bybelse gronde is.

Die een populêre variasie hiervan is dan dat 'n kind van God nie 'n preek moet of hoef voor te berei níe. Hy slaan eenvoudig die Bybel oop en die eerste teks waarop sy oog val, is dan die teks waarop hy, op die ingewing van die oomblik af verbeeldingryk voortborduur. Van die moeisame „kommentaar op" en „vertaling van" die Skrif in die taal van die gemeente kan hier geen sprake wees nie. En juis die oppervlakkige vermyding van die voorwaarde van „navorsing en ondersoek en naspeuring na die bedoeling van die Gees" in die Skrif[22]) ontbloot die theologia regenitorum juis as 'n gebrek aan wedergebore-syn en kind-Gods-syn.

'n Ander „preekmodel" binne die raamwerk van die theologia regenitorum is die oorvertel van religieuse ervarings van die prediker met die bedoeling om soortgelyke ervarings by die hoorders op te wek. Sulke religieuse ervarings is geen bewys van geloof nie. Dikwels is dit wel kompensasie juis vir die afwesigheid van die geloof. Ook hierdie „prediking" is nie egte prediking nie want dit is nie uitleg van die Skrif met betrekking tot Jesus Christus nie.

Gesag vir die prediking en ten slotte die prediking self moet uit die goedheid van God soos betuig in die skrifte geput word, nie uit een of ander werklike of veronderstelde subjektiewe toestand van die menslike prediker nie. Waar dit wel gebeur, is dit geen prediking nie, maar net mensewoord.

4.2.2.2. Die gevaar dat die prediking slegs as mensewoord verstaan word, vind ook uitdrukking in dié wangestalte wat dominokrasie genoem word. Die dominokrasie berus tot op groot hoogte op dieselfde misverstand as by die Rooms-Katolisisme. By die Protestantisme berus die misverstand daarop as sou die prediker as gevolg van sy ordening begiftig wees met 'n „hoër openbaring", „hoër waarheid" en gevolglik 'n „hoër kennis" as die gewone lidmaat. Dit is kennelik 'n soort gnostiek wat wye beoefening vind en niks anders is as wantroue in die krag van die prediking vir elkeen wat dit hoor nie. Op grond van 'n gebrekkige vertroue in die Heilige Gees wat self aan die prediking gesag verleen en self gehoor daarvoor skep, word gesag en gehoor teenoor die innerlike-subjektiwistiese van die theologia regenitorum, in 'n sogenaamde uiterlikobjektiewe gegewenheid soos die ordening gesoek. Die ordening is egter ordening tot bediening en hoegenaamd nie 'n aanduiding van enige bevoorregting van die prediker bo die lidmaat nie.[23])

---

22) 1 Pet. 1:10 en 11.
23) World Alliance of Presbyterian Churches Interim Report on ordination and ministry, p. 12.

Die effek van die theologia regenitorum en die dominokrasie is dieselfde: dit degradeer die prediking tot blote mensewoord.

4.2.2.3. Die tweede kant van die kleinmoedigheid is die kant van die hoorders. Daar is diegene wat die prediking bloot as mensewoord beskou. Hulle is die mense wat oor alles heen by die predikant van hulle keuse „kerk". Hier het ons te doen met 'n monsteragtige vryblywendheid ten opsigte van die prediking. Maatstaf is vir hierdie mense in elk geval nie die vraag of en in hoeverre die prediking „Christum treibet und predigt" nie, maar wel as gevolg van allerlei innerlik-subjektiwistiese oorwegings, die vraag of die prediking by die hoorders byval vind of op weerstand stuit. Ook hier word op die subjektiewe ervaring teruggeval. Die prediking wat byval vind, word dan as „sielevoedsel" bestempel, terwyl alle ander prediking verwerp word.

4.2.3. Dit is nodig om daarop te wys dat opbou van die gemeente uit 'n toeneem in geloof en getalle bestaan.[24]) Dit is verder ook nodig om te onthou dat die gemeente die aardse liggaam van die hemelse Heer is.[25]) Die ranke leef met die wynstok. Die gemeente groei net van „dit wat aan die Here behoort". Daarom is regte prediking Bybelse vertaalwerk in vertroue op die Heilige Gees van Christus uit en op Christus heen. Daarom is prediking nooit 'n ongeïnteresseerde verhandeling oor 'n teks waaraan die ordening van die prediker gesag moet verleen nie. Dit is ook nie die vroom, persoonlike kreet van 'n wedergeborene nie. Dit is ook nie afhanklik van instemming daarmee op allerlei subjektiewe gronde nie en vra dikwels selfvergetende gehoorsaamheid. Trouens, waar die kerk self werklik gelowig preek, is daar nie plek vir óf verkeerde subjektiwisme óf verkeerde objektiwisme nie, ook nie plek vir vryblywendheid nie.

Daar is nie so-iets soos 'n neutrale preek nie. Die feit is dat regte prediking die gemeente bou en verkeerde prediking die gemeente breek. Daarom moet die kerk altyd weer **opnuut** die moeilike Bybelse vertaalwerk onderneem — dit ook altyd weer selfkrities onderneem ten einde altyd reg te probeer preek, **want regte prediking is diens aan die gemeente van die Here.** Dit is die diens waardeur die Here self sy gemeente opbou en in stand hou om sy werk in die wêreld te doen.

## 5. Die binding aan die erediens

5.1. Ons kan nou in die lig van die voorgaande tot 'n nadere omskrywing kom van wat ons met die term „prediking" bedoel. In elk geval gebruik ons nie die woord as vertaling van een of ander woord in die Grieks van die Nuwe Testament nie.

---

[24]) Hand. 9:29-31; 16:4 en 5.
[25]) 1 Kor. 12:27; Ef. 4:12-16.

Ons gebruik dit eerder as aanduiding van 'n saak wat onder verskillende benaminge soos homilia, profeteia en paraklesis, in die Nuwe Testament voorkom. Dit is 'n spesifieke gestalte of element van die totaal van die kerklike verkondiging. Dit is naamlik verkondiging in die vorm van „. . . een rappél, een indachtigmaken" van die aangekondigde heil van God waaraan die kerk in die leer op sinvolle, gesistematiseerde wyse uitdrukking moet gee. Hierdie herinnering aan, dit is prediking word voltrek langs die weg van saaklike uiteensetting van 'n bepaalde aspek of aspekte van kerklike denke en lewe.[26]) Fakties beteken dit dieselfde as „preek" is uitleg en toepassing.[27]) Hieronder word verstaan dat met 'n Skrifwoord gespreek word, of nog beter: dat 'n Bybel-teks of gedeelte in ooreenstemming met sy eie bedoeling tot spreke gebring word in die konkrete situasie **van 'n bepaalde gemeente** op 'n bepaalde plek en tyd. Só is die prediking eintlik die liturgiese verbesondering van dit wat die kerk op grond van die Skrif aangaande die Here Jesus Christus glo en openlik bely.

5.2. Dit kan as volg nader toegelig word: gemeente, ekklesia, „. . . ist ein auf öffentlichen Aufruf hin zusammeneilende und zusammentretende Gemeinde".[28]) Prediking is hierdie openlike oproep wat die gemeenet tot in-erediens-vergaderde gemeente maak, dit wil sê tot gemeente maak wat saamgekom het om te volhard in die leer van die apostels, brood te breek, gemeenskap te beoefen en die diens van die gebede te voltrek.

Die prediking het dus sy „sitz im Leben" saam met die sakramente in die erediens soos die evangelisasie sy „sitz im Leben" onder die wat nie glo nie het, die kategese syne onder die „onmondige" jeug van die kerk en die pastoraat syne in die enkele, gelowige huisgesin het. Hier in die erediens is dit die konstituerende element wat die erediens tot erediens maak en ook telkens die gemeente konstitueer as die in-erediens-vergaderde gemeente van die Here — die ekklesia. Hier dra prediking die karakter van monoloog waarin die Here oproep en die gemeente antwoord met belydenis, gebed en gesang. So maak prediking nie net van die erediens 'n gesprek tussen God en sy gemeente nie. Dit maak ook van die gemeente 'n gemeente wat deur die nood en die blydskap van die menslike bestaan heen **werklik met God in gesprek verkeer.**

5.3. Daarom kan die uitgesproke of veronderstelde uitgangspunt in die hedendaagse diskussie in verband met die sogenaamde „gesamentlike aanbidding" dat die behoefte om saam te aanbid of selfs die gemeenskaplike geloof van mense die erediens konstitueer

---

26) C. H. Dodd, De Apostolische Prediking in haar ontwikkelingsgang, blz. 10.
27) A. van Selms, Geloofshelde in die Ou Testament, bls. 7.
28) Barth, K. D.

net eenvoudig nie aanvaar word nie. Dit kom immers neer op miskenning van die dienskarakter van die prediking. Volgens Bybel is dit dan juis die diens van die prediking aan die erediens en aan die gemeente dat dit die erediens tot werklike erediens maak en die gemeente werklik tot in-erediens-vergaderde gemeente van die Here maak. Hier is baie op die spel. Daarom moet ook nog aandag gewy word aan die laaste binding van die prediking.

## 6. Die binding aan die eie tyd

6.1. Bybels is onontwykbaar die eis aan die prediking opgelê om sinvolle woord te wees: dit moet sinvolle „spreke-tot-mense" of „spreke-vir-mense" wees.[29]) Dit bring mee dat hierdie sinvolle spreke tot mense ten minste in 'n verstaanbare taal sal geskied. In hierdie verstaanbare taal speel selfs gebare, houdings en gesigsuitdrukkings soms 'n deurslaggewende rol. Dit spreek immers vanself dat dit sinloos is om vir 'n gewone Afrikaanse gemeente in Frans te preek.

Die stigting van kerke in eie volksverband vir die verskillende volke is daarom nie 'n partypolitieke of bloot praktiese aangeleentheid nie. Dit is 'n saak wat op teologiese gronde rus. God wil 'n mens nie net grammatikaal aanspreek nie. Hy wil hom in sy diepste wese en in sy totale menswees aanspreek — eksistensieel aanspreek. Daarom praat die Heilige Gees nie uit apartheidsoorwegings alle tale nie, maar uit soteriologiese oorwegings praat Hy met elkeen in sy eie taal en luister Hy na elkeen in sy eie taal. Juis so word elke gemeente deur die prediking in sy eie taal gemaak tot in-erediens-vergaderde gemeente wat in sy eie taal in gesprek met die Here verkeer. Deur geloof word geen mens uit sy volksverband uitgelig nie, maar juis voor God verantwoordelik vir sy eie volk.[30])

6.2. Die tweede faset van die eis dat prediking spreke tot mense moet mees, stel ook die vraag na tyd en ruimte aan die orde. Mense is nie bo-tydelike en bo-ruimtelike wesens nie. Elke geslag leef in sy eie tyd en op sy eie plek. Daarom is prediking tyd en ruimtelik begrens. Ook kerklike prediking is nie „Sinnautonom und Situationunabhängig" nie.[31]) Sin en situasie is daarin gegee dat prediking Gods-Woord hier-en-nou aan hierdie besondere gemeente moet boodskap. Barth sê dat hierdie feit die enigste weermiddel teen 'n ekklesiastiese docetisme is.[32]) Vir hom bestaan die ekklesiastiese docetisme daaruit dat die kerk verdun word tot 'n civitas platonica, tot 'n idee van die Christelike gemeenskap, tot „eine Gemeinschaft des Geistes und die Geister."[33]) Dit gebeur waar daar

---

29) B. J. Engelbrecht, Die Tydstruktuur in die Gedagtekompleks Hegel- Kierkegaard-Barth, bls. 7.
30) Vgl. Luk. 8:39.
31) Gunter Stern, Über das Heben, S 155.
32) K. D., IV, 1, S728.
33) K. D., IV, 1, S73.

nie werklik met die konkrete realiteite van die menswees soos taal, tyd en omstandighede rekening gehou word nie. En die prediking is die weermiddel teen so 'n docetisme as dit werklik grondig Godse-Woord is wat inspreek in die tyd en in die situasie in, want dan maak dit tyd en situasie tot ideale geleentheid en omstandighede vir die diens van God. So verkondig in een tyd en onder bepaalde omstandighede 'n brandstapel en martelaarskap die eer van God wat toeberei is deur die prediking; in 'n ander tyd sit elkeen rustig en vredig onder sy eie vyeboom. En albei is vrug van die prediking na die wysheid van God en juis so tekens van hoop vir die wêreld.

6.3. Dit is iets anders as situasie-prediking. In situasie-prediking is dit nie Gods-Woord wat tema van die prediking verskaf nie, maar die eise van die tyd bepaal die boodskap wat gebring moet word. So word Christus die groot sosiale hervormer en politieke hoop van die onontwikkeldes. So word predikante in plaas van mense wat die kansel vol staan, leiers op die voorpunt van allerlei eienaardige kruistogte. So kom die 1966 Genève-konferensie oor kerk en maatskappy tot die „behartenswaardige" uitspraak dat as die kerk vandag wil weet wat hy moet preek dan moet hy dit nie vra van sy teoloë nie, maar van sy leke, want hulle is die mense wat elke dag die werklikhede van menswees beleef.

7. **Definisie en samevatting**

7.1. Prediking is die verkondiging van Christus soos in die Skrifte betuig, geglo en bely deur die kerk in die erediens aan elke gemeente in sy eie taal tot die saligmakende geloof in God en die selfvergetende, gehoorsame diens aan God.

7.2. Hierdie definisie is afgrensing teen elke poging om iets anders as hierdie Bybels-verantwoorde Woordbediening te honoreer met die naam prediking.

7.3. Terselfdertyd is dit 'n aanduiding van watter omskrywing (vandag nodiger as ooit te vore) van die prediking in kerk-wette en -ordes van kerke wat beweer dat die prediking vir hulle sentraal staan, behoort voor te kom.

7.4. In alle erns wil dit die breë riglyn aandui vir voorligting met betrekking tot die prediking aan die lidmate by wie gebrekkige kennis en verwarring stadig maar seker besig is om die lewe van die gemeentes skadelik aan te tas.

7.5. In laaste instansie is dit 'n gevaarsein. Die lewe van die gemeente is altyd 'n lewensgetroue spieëlbeeld van die stand van die prediking in die kerk. 'n Toenemende post-christelike heidendom in die wêreld en kerkloosheid in die gemeentes eis grondige besinning en eerlike selfkritiek van die kerk juis oor sy prediking. Prediking is nie luukse of spel nie. Dit is lewensfunksie van die kerk, want die kerk leef net van die hoor van die Woord en van die prediking van die Woord wat gehoor is.